

31 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23 – 11:1

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:31

Oujaarsfees tot eer van God

Vandag is Oujaar. Dit het sinoniem geword oor die wêreld met feesvieringe, in baie gevalle uitspattige partytjies en losbandigheid. Die restaurante is volbespreek, die strande gepak, die braaivleisvure brand. Daar word geëet en gedrink.

Nie net oujaar nie, maar ook baie ander dae in Korinte was dae van uitspattige eet en drink. Selfs by hulle liefdesmaaltye (saam met die Nagmaal) het hulle verdeeldheid en liefdeloosheid na vore gekom (11:20, 21). Die sterkes in die geloof het voedsel geëet wat aan die afgode gewy is, en sodoende die swakkes in die geloof laat struikel. Die swakkes in die geloof het gesondig en hulle gewetens belas deur vleis te eet wat deur hulle as afgodsoffers beskou is.

Na alles wat Paulus oor die problematiek in Korinte sê, stel hy in ons teks die allesbeheersende beginsel, nie net vir die klein, alledaagse dinge soos eet en drink nie, maar vir die hele lewe (“wat julle ook al doen”): “... doen alles tot eer van God.” Alles in ons lewe, ons eet en drink, ons huwelik, ons werk, ons ontspanning, trek in een vraag saam: Gebeur dit tot eer van God? Word Hy verheerlik en grootgemaak, geloof en geprys, deur wat ek ook al doen? Dan sal ook die ander groot beginsel tot sy regkom van liefde tot my naaste. Dan sal ek nie deur my eet en drink aanstoot gee of tot struikeling wees of myself besondig nie.

Ons mag Oujaar vier. Dit is nie verkeerd om te eet en te drink nie. Ons doen dit uit dankbaarheid as God se kinders wat alles uit sy hand ontvang, van jaar tot jaar op pad na die ewigheid; as gelowiges vir wie dit ten diepste gaan om die gemeenskap (eet en drink – vs. 3, 4, 11:24, 25) met Christus.

Laat jou eet en drink op hierdie Oujaar jou leefwyse bevestig, jaar in en jaar uit, tot eer van God.

Sing: Psalm 98:2 (Totius)

Prof. CFC Coetzee (Emeritus)